# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

27 Oktober 2025
Uitgawe 34



**Vers vir die week:**

Psalm 139:1

"Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom."

## Uit die hoof se kantoor:

Soos ek reeds aan die begin van die kwartaal genoem het, is die vierde kwartaal reeds besig om met rasse skrede te versnel. Die Algemene Jaarvergadering van Dinsdagaand was 'n groot sukses en daarom wil ek elke ouer bedank vir die kworum wat sommer vroegaand reeds bereik is. U het gesien dat die begroting van 2026 deursigtig bestuur word en dat elkeen betrokke by die opstel van die begroting, 'n reuse aandeel gehad het om hierdie nougesette komponent van ons skool in plek te sit.

Baie geluk aan die o/10 krieketspan wat die semi-finaal gewen het en hierdie week in die Titans finaal speel. Die o/11 krieketspan het naelskraap in die semi-finaal verloor, dit was steeds 'n skitterende siesoen. Sterkte aan die o/11- en o/12 sewes rugbyspanne wat eerskomende naweek aan 'n toernooi by Camp Discovery deelneem. Die o/8 rugbyspelers is ook goed op dreef en speel reeds eerskomende naweek hulle eerste 15-man wedstryd.

Ons jaarlikse kleuterskoolkonsert vind hierdie week plaas. Die kleuters werk hard om 'n spogvertoning op die planke te sit.

Met al hierdie aktiwiteite wil ek 'n beroep doen dat ons leerders hulle akademiese verpligtinge deeglik sal nakom en ook in gedagte hou dat die finale toetsreeks om die draai is.

Sterkte vir die week wat voorlê!

Mnr. Gerhard Engelbrecht



# ATLETIEK

## ATLETIEKSPANNE WARM OP VIR DIE NUWE SEISOEN!

Op Donderdag, 23 Oktober 2025 het Laerskool Die Poort se bane gegons van opgewondenheid toe Laerskool Voorpos, saam met Anton van Wouw, by Die Poort in 'n opwindende voorseisoen-atletiekbyeenkoms deelgeneem het. Hierdie byeenkoms was die perfekte afskop vir die 2026-atletiekseisoen, met talle items waar ons atlete alreeds kon wys dat hulle hard geoefen het.

Van die jong Gr. R-atleetjies tot die meer ervare deelnemers — almal het met groot entoesiasme en trots aan die dag se aktiwiteite deelgeneem. Die atmosfeer was vol skooltrots, aanmoediging en sportmangees.

Die uitslae was uitstekend en aan die einde van die dag het ons Voriegees gestraal toe die aflositems vir groot opwinding gesorg het. Baie geluk aan al die deelnemers! Ons is gereed vir 'n fantastiese atletiekseisoen wat voorlê!



# SKAAK

**Spanskaak: 25 Oktober**

Op Saterdag, 25 Oktober het ons skaakspelers aan 'n baie interessante spanskaaktoernooi deelgeneem.

Dis heeltemal 'n voël van anderse vere!

Vyf spelers aan 'n kant speel om die beurt teen die ander span. Hulle mag glad nie met mekaar kommunikeer nie en dan speel hulle nog teen tyd ook!

Spelers moes ander se strategieë probeer lees, moes mekaar se foute verdra en goeie spangees uitleef!

Dit was ons heel eerste toernooi van dié aard - ons het geweldig baie geleer en dit baie geniet! Groot was ons verbasing toe ons juniorspan silwer medaljes verower het - welgedaan!!!









# KRIEKET

### SEMIN-FINALE STADSBEKER

Die afgelope week het L/s Voorpos se krieketspanne aan die semi-finale van die stadsbeker deelgeneem.

Die o/10-span het 'n uitstekende vertoning gelewer en hul semi-finaal teen L/s Swartkop gewen. Die span het goed geboul en met selfvertroue gekolf. Hul spanpoging en samewerking was uit die boonste rakke en die seuns het met trots hul skool se naam hoog gehou. Hulle gaan nou deur na die stadbekerfinaal waar hulle teen L/s Bakenkop te staan kom.

Die o/11-span het dapper geveg in hul semi-finaal teen L/s Bakenkop, maar het ongelukkig net te kort geskiet om die oorwinning te behaal. Alhoewel hulle verloor het, het die seuns groot sportmanskap en deursettingsvermoë getoon.

Ons is baie trots op albei spanne se harde werk en toewyding. Sterkte aan die o/10's vir die groot stadbekerfinaal!



**Rio Toerien het 3 Paaltjies vir 12 lopies in 4 beurte aangeteken!**





**Neels de Jager 52* lopies nie uit nie (Semi-finaal)**

# MINI-KRIEKET

Super Sport Park!

Wat 'n wonderlike einde vir die Little Titans Mini-krieket seisoen!!! Met die heerlike weer en pragtige veld, kon ons op Saterdag, 25 Oktober 2025 nie op ń beter noot afgesluit het nie.

Dankie aan Little Titans, die afrigters, ouers, ondersteuners en veral die o/6, o/7 en o/ 8 spelers wat so ywerig deelgeneem het!

Welgedaan!!









# SWEM

Ons het saam Anton van Wouw weer lekker geswem. Hulle A en B spanne het ons besoek om die Vorie waters te beproef. Mnr Gerhard het nie op hom laat wag nie en die afsit-skote het geklap dat dit gons. Baie geluk aan al die swemmers wat so hard oefen vir die gala teen die ander 4 skole in die week wat op ons wag.









# KASKARBELONING

## Son... see... sand... SUN CITY!

Op Woensdag, 22 Oktober 2025 is 32 leerders uiteindelik na Sun City vir die Kaskarbeloning. Die leerders het behoorlik in die golwe baljaar en op al die verskillende glybane gegly. Dit was 'n oop-bek-lag-dag vol sonskyn en pret! Ons maak volgende jaar weer so!









# -berig

## SKOOLKLERE

Soos u reeds in vorige skrywes verneem het, word die sporthemp ook as skoolhempie infaseer. Die geel hempie vir dogters en die grys hempie vir seuns mag steeds vanjaar en volgende jaar gedra word. Slegs skoolskoene word saam met die rompie of grys broek gedra, geen tekkies nie. Daar is ook 'n boodskap uit op die klasgroepe in verband hiermee. Baie dankie vir al die positiewe terugvoer oor die verandering. Indien u enige navrae het, is u welkom om 'n afspraak met me Nicolene Niemann te maak.



## Belangrike datums vir die week:

**Maandag, 27 Oktober 2025**

- Atletiekoefening
- o/8 Rugbyoefening
- o/10 Krieketoefening

**Dinsdag, 28 Oktober 2025**

- Dogterskrieket: @ L/s Villieria (Weg)
- Atletiekoefening

**Woensdag, 29 Oktober 2025**

- Swem: Interskole gala
- Atletiekoefening
- o/8 Rugbyoefening
- o/10 Krieketoefening

**Donderdag, 30 Oktober 2025**

- Krieket: Stadsbekerfinaal O/10 @ L/s Bakenkop (Midstream College)
- Dogterskrieket: @ Midstream College (Tuis)
- Atletiekoefening
- o/8 Rugbyoefening

**Vrydag, 31 Oktober 2025**

- o/11 en o/12 7's Toernooi @ Camp Dicovery

**Saterdag, 1 November 2025**

- o/11 en o/12 7's Toernooi @ Camp Dicovery

**Maandag, 3 November 2025**

- Big Brag: Swemspan; Dogterskrieket; Skaak; (1stespan) Fietsry(Gauteng deelname)
- Revue: Oudisies
  Gr 3 en 4 : 15:00 – 17:00
  Gr 5 en 6 : 17:00 – 18:30


MAANDAG
3 NOVEMBER 2025
GR. 3 - 6 LEERDERS
REVUE 2026
OUDISIES
GR. 3 EN 4 - 15:00 TOT 17:00
GR. 5 EN 6 - 17:00 TOT 18:30


TOTIUSDAL HANDELSHUIS SPORT
ONS SAL ANTWOORD OP JOU ROEPSTEM
SKOOL GHOLFHEMP
SPESIALE AANBOD
Kinders: R290.00 | Volw: R325.00
Totiusdal Handelshuis
773 Codonia laan, Waverley
-of-
KOOP AANLYN
AANBOD GELDIG TOT 31 NOVEMBER 2025
www.handelshuis.co.za

# ADVERTENSIES

O'Neills Photographers

## Groepfoto Bestelling 2025

Die groepfoto's is beskikbaar vir aanlyn aankope op ons webtuiste.

Skandeer die QR-kode om direk na die sessie te gaan:

**U kan ook die volgende instruksies volg vir bestellings:**

- Web adres: **www.oneills.photography**
- Skep u gebruikersrekening deur op **"User Login"** te klik en vul dan u besonderhede in of "Login" indien u reeds 'n rekening geskep het.
- Klik op **"Order Photos"** en vul die volgende in:

  **School / Client Name:** Laerskool Voorpos
  **Shoot Name 1:** Groepfoto's 2025

- Maak u betaling deur na u **"Cart"** te gaan.
U kan d.m.v 'n debiet- / kredietkaart en ook 'n Instant EFT betaal via ons veilige betalingsplatform

Let asseblief daarop dat die afsnydatum vir bestellings **31 Oktober 2025** is.

Vir enige verdere navrae kontak ons op:
office@oneills.photography

# ADVERTENSIES




## Hoe adverteer ek op Vorienuus?

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

## Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za